# DIE HEILIGE MIS

# VIR KINDERS



# DIE HEILIGE MIS

## ‘n Geskenk van Jesus

Jesus was so lief vir sy apostels dat Hy hulle belowe het Hy sou hulle nooit verlaat nie. Omdat Hy na die hemel sou opvaar om aan die regterhand van God, die Vader, te sit, wou Hy ‘n teken agterlaat vir die apostels en vir ons om te wys dat Hy altyd met ons sal wees.

En daarom, het Jesus die aand voordat Hy aan die kruis gesterf het, sy apostels bymekaar geroep vir ’n baie spesiale maaltyd. Dit was ’n spesiale maaltyd om twee redes:


- Die eerste was dat Hy die Pasgamaal *(Paasfees)* met hulle gevier het. Die Pasga was die fees wat die Jode elke jaar gevier het om te herdenk hoe die Here vir Israel uit Egipte gelei het en hulle van hul slawerny verlos het.

- Die tweede rede waarom die maaltyd so spesiaal was, was omdat Jesus dit verander het. Gedurende die maaltyd het Jesus die brood geneem en vir sy apostels gesê dat dit nou sy liggaam is. Hy het ’n beker met wyn geneem en vir hulle gesê dat dit nou sy bloed is. Hy het toe vir sy apostels gesê om altyd dit wat Hy tydens die maaltyd gedoen het tot sy nagedagtenis te vier. Hy het ons dus opdrag gegee om te doen wat Hy gedoen het.

Dit is waarom ons die Heilige Mis vier. Ons noem dit ook die Eucharistie *(wat danksegging beteken)*. Ons doen dit wat Jesus gesê het ons moet doen. Dit is hoe ons weet dat Hy altyd met ons sal wees totdat Hy eendag in sy glorie sal terugkom.

# INLEIDINGSRITE

**STAAN**



**Intree-gesang -** *Wanneer die priester en die altaardienaars na die altaar beweeg sing die gemeente die Intree-gesang wat die begin van die viering is.*

# Die Kruisteken

## Ons roep die Heilige Drie-eenheid aan

*Ons begin ons Heilige Mis net soos ons enige ander gebed begin, met die kruisteken. Ons roep God aan om met ons te wees terwyl ons tot Hom bid.*

**Priester:** In die naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees.
**Gemeente:** **Amen.**

# Die Begroeting

## Ons word in God se Naam verwelkom

*Die priester groet ons en verwelkom ons in die kerk. Hy praat nie net alleenlik in sy naam nie, maar ook in God se naam. Hy gebruik een van hierdie vorme.*

**Priester:** Die genade van onse Here Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees wees met u almal.
**Gemeente:** **En met u gees.**

*of:*

**Priester:** Genade vir u en vrede van God onse Vader
en die Here Jesus Christus.
**Gemeente:** **Geseënd sy God, die Vader van onse Here, Jesus Christus.**

*of:*

**En met u gees.**

**Priester:** Mag die Here met u wees.
**Gemeente:** **En met u gees.**

# BOETERITE

## Daad van Berou

### Ons het berou oor ons sondes

*Die priester nooi ons uit om oor ons sondes te dink en berou te hê daaroor. Ons wil om verskoning vra omdat ons selfsugtig was en ons gesondig het, sodat ons na God se woord kan luister en sy Liggaam en Bloed met 'n rein hart kan ontvang.*

**Priester:** My broers en susters, laat ons ons sondes bely,
sodat ons in staat mag wees om die Heilige Geheimenisse te vier.

**Gemeente:** **Ek bely voor U, Almagtige God,**
**en voor u, my broers en susters,**
**dat ek uitermatig gesondig het**

*Ons slaan onsself driemaal voor die bors.*

**deur my skuld, my skuld, my grote skuld**
**in my gedagtes, en met my woorde,**
**deur wat ek gedoen het en wat ek versuim het om te doen.**
**Daarom vra ek die geseënde Maagd Maria,**
**al die engele en heiliges,**
**en ook u my broers en susters,**
**om vir my te bid tot die Here onse God.**

*Die priester bid God se barmhartigheid oor ons af.*

**Priester:** Mag die almagtige God ons genadig wees,
ons ons sondes vergewe
en na die ewige lewe lei.

**Gemeente:** **Amen.**

***of:***

*By tye vra die priester God se barmhartigheid deur God driemaal aan te roep in plaas van dié gebed hierbo te bid. Hy kan verskillende formuliere gebruik maar sluit elke keer sy gebed af met* "Here, ontferm U oor ons; Christus, ontferm U oor ons; Here, ontferm U oor ons." *Ons antwoord deur elke keer sy aanroeping te herhaal, nadat hy dit gebid het. Bv.*

**Priester:** U is gestuur om dié wat van harte berou het, te genees:
Here, ontferm U oor ons.
**Gemeente:** **Here, ontferm U oor ons.**

**Priester:** U het gekom om sondaars tot U te keer:
Christus, ontferm U oor ons.
**Gemeente:** **Christus, ontferm U oor ons.**

**Priester:** U sit aan die regterhand van die Vader en pleit vir ons:
Here, ontferm U oor ons.
**Gemeente:** **Here, ontferm U oor ons.**

*Die priester bid God se barmhartigheid oor ons af.*

**Priester:** Mag die almagtige God ons genadig wees,
ons ons sondes vergewe
en na die ewige lewe lei..
**Gemeente:** **Amen.**

# Kyrie
## (Here, ontferm U oor ons)

## Ons vra Jesus om genade

*Wanneer die priester die eerste vorm van die Daad van Berou gebid het, vra hy God se barmhartigheid deur God driemaal aan te roep. Ons antwoord deur sy aanroepinge te herhaal.*

**Priester:** Here, ontferm U oor ons.
**Gemeente:** **Here, ontferm U oor ons.**

**Priester:** Christus, ontferm U oor ons.
**Gemeente:** **Christus, ontferm U oor ons.**

**Priester:** Here, ontferm U oor ons.
**Gemeente:** **Here, ontferm U oor ons.**

# Gloria

## Ons prys God

*Ons is baie bly omdat God ons vergewe. Daarom prys ons Hom nou deur die lied van die engele by Jesus se geboorte te sing of te bid.*

Eer aan God in die hoogste hemel,
en vrede op aarde aan die mense van goeie wil.

Ons loof U. Ons prys U.
Ons aanbid U. Ons verheerlik U.
Ons dank U vir u groot heerlikheid.
Here God, hemelse koning, God, almagtige Vader.

Here, eniggebore Seun, Jesus Christus;
Here God, Lam van God, Seun van die Vader;
U neem die sondes van die wêreld weg: ontferm U oor ons;
U neem die sondes van die wêreld weg: aanvaar ons gebed;
U sit aan die regterhand van die Vader: ontferm U oor ons.

Want U alleen is die Heilige.
U alleen is die Here.
U alleen is die Allerhoogste: Jesus Christus,
met die Heilige Gees in die glorie van God die Vader. Amen.

# Openingsgebed

## Ons word één in gebed


*Die Gloria word deur die Openingsgebed gevolg. Daar is verskillende gebede vir elke dag van die jaar. Met hierdie gebed vra die priester vir God om op 'n spesiale manier met ons te wees, soos ons nou ons harte vir Hom open.*

**Priester:** Laat ons bid. *(Nou volg die Openingsgebed)*
**Gemeente:** **Amen.**



**Openingsgebed** **-** *Die priester bid namens almal wat teenwoordig is. Hy vra die Here om ons gedagtes, ons gebede en ons liefde te lei.*

# DIE LITURGIE VAN DIE WOORD



**Skriflesings -** *Ons luister na die Woord van God in hierdie gedeelte van die Heilige Mis. Die Skriflesings word uit die Bybel geneem en word aan die Volk van God verkondig. Hierdie Skriflesings kom uit beide die Ou en Nuwe Testament. Ons hoor hoe God nog altyd lief was vir die mens. Hoe Hy die mens gehelp het en hoe Hy sy Seun Jesus gestuur het om ons te verlos.*

# Eerste Skriflesing

**SIT**

## God spreek tot ons deur al die eeue heen

*Gewoonlik word die skriflesing uit die Ou Testament geneem.*

*Aan die einde van die Skriflesing.*

**Leser:** Die woord van die Here.
**Gemeente:** **Dank sy God.**

# Beurtpsalm

## Ons antwoord op God se woord

*Die gemeente herhaal die Keervers soos dit deur die leser gelees word of deur 'n kantor gesing word.*

# Tweede Skriflesing

## God spreek tot ons deur die vroeë Kerk

*Gewoonlik word die skriflesing uit die Nuwe Testament geneem.*

*Aan die einde van die Skriflesing.*


**Leser:** Die woord van die Here.
**Gemeente:** **Dank sy God.**

# Halleluja

**STAAN**

## Ons prys Jesus wat kom om met ons te praat

*Die Evangelie bevat Jesus se eie woorde. Daarom staan ons uit eerbied om na Hom te luister.*



**Evangelie -** *In Jesus se naam lees die priester of diaken die Evangelie voor en word die Woord lewendig onder ons.*

# Evangelie

## Deur Christus se eie woorde praat God met ons

*Die priester of diaken begroet ons in die naam van Jesus.*

**Priester:** Mag die Here met u wees.
**Gemeente:** **En met u gees.**

**Priester:** 'n Voorlesing uit die heilige Evangelie volgens ***N.***
**Gemeente:** **Alle eer aan U, Here.**

*Ons luister aandagtig na die priester of diaken wat die Evangelie voorlees. Die Evangelie word as volg afgesluit.*

**Priester:** Die Evangelie van die Here.
**Gemeente:** **Lof aan U, Christus.**

# Homilie of Preek

**SIT**

## Deur die woorde van die priester praat God met ons

*Dit is nie altyd maklik om die Bybel te verstaan nie. In die homilie word God se woord vir ons uitgelê.*

# Geloofsbelydenis

**STAAN**

## Ons bely ons geloof

*Noudat ons na God se woord in die Skriflesings geluister het en 'n verduideliking daarvan in die preek gehoor het, wil ons nou ons geloof voor almal bely. Ons bely dat ons alles glo wat God aan ons openbaar het; ons bely dat ons glo dat Hy ons geroep het; ons bely dat ons glo dat Hy ons liefhet. Alles wat ons glo word saamgevat in die Geloofbelydenis van Nicea of die Apostoliese Geloofbelydenis.*

# Die Geloofsbelydenis van Nicea-Konstantinopel

Ek glo in een God, die Almagtige Vader,
Skepper van hemel en aarde
en van alles sigbaar en onsigbaar.

Ek glo in een Here, Jesus Christus
die eniggebore Seun van God,
gebore uit die Vader voor alle tye
God uit God, Lig uit Lig
waaragtige God uit waaragtige God
verwek, nie gemaak nie,
een in wese met die Vader
deur Wie alles gemaak is.

Hy het vir ons mense en ter wille van ons saligheid
neergedaal uit die hemel.

*Gedurende die volgende twee reëls buig almal:*

Hy het vlees geword deur die Heilige Gees
uit die Maagd Maria en het mens geword.
Hy is ook vir ons gekruisig;
Hy het onder Pontius Pilatus gely en is begrawe.
Op die derde dag het Hy opgestaan
volgens die Skrif.
Hy het opgevaar na die hemel
en sit aan die regterhand van die Vader.
Hy sal weer kom in heerlikheid
om die lewendes en die dooies te oordeel:
En sy ryk sal sonder einde wees.

Ek glo in die Heilige Gees, Here en Lewendmaker,
wat uit die Vader en die Seun voortkom,
wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word,
wat gespreek het deur die profete.

Ek glo in een Heilige, Katolieke en Apostoliese Kerk.
Ek bely een doop tot vergifnis van sondes.
Ek verwag die opstanding van die dooies
en die lewe van die toekomstige ewigheid. Amen.

## Die Apostoliese Geloofsbelydenis

Ek glo in God, die Almagtige Vader,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus sy eniggebore Seun, onse Here,
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die Maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig, gestorwe en begrawe is;
wat neergedaal het na die doderyk,
die derde dag weer opgestaan het uit die dode,
opgevaar het na die hemel en sit aan
die regterhand van God, die Almagtige Vader;
vanwaar Hy sal kom om te oordeel
die lewende en die dode.
Ek glo in die Heilige Gees,
die heilige Katolieke Kerk,
die gemeenskap van die heiliges,
die vergewing van sondes,
die wederopstanding van die vlees,
en die ewige lewe. Amen.

# Algemene Voorbidding

## Ons bid vir ons broers en susters in Christus


*Ons sluit die eerste gedeelte van die Heilige Mis af met die Algemene Smeekbede of die Voorbidding vir al die gelowiges. Wanneer ons die Heilige Mis bywoon, bid ons nie net vir onsself nie maar vir almal wat God se hulp nodig het.*

*Die priester begin en eindig die Algemene Voorbidding en iemand anders lees die intensies van diegene vir wie ons bid. Ons sluit ons stemme aan by die Smeekbedes deur die responsie te herhaal wat gekies word.*

**Leser:** Ons bid tot die Here.

**Gemeente:** **Here, hoor ons gebed of Ons bid U, verhoor ons.**

# DIE LITURGIE VAN DIE EUCHARISTIE



**Offertorium-gesang -** *'n Lied word gesing, terwyl die gawes van die gelowiges na die priester gebring word en op die altaar geplaas word. Die brood en die wyn, asook ander gawes, is die gawes wat ons vir die behoeftes van die Kerk en die armes offer.*



# Voorbereiding van die Gawes

## Ons plaas brood op die altaar

**SIT**

*Die priester bid hardop indien daar nie 'n offertorium gesang gesing word nie en sê.*

**Priester:** Geseënd is U, o Here, God van die heelal;
want uit u goedheid, het ons hierdie brood ontvang wat ons aan U offer;
vrug van die aarde en die werk van ons hande.
Dit word vir ons die brood van die lewe.

*As daar nie 'n offertorium gesang gesing word nie, dan moet ons hardop antwoord.*

**Gemeente:** Geseënd sy God in ewigheid.

*Die priester berei nou die water en wyn voor wat in die kelk gemeng word.*

## Ons plaas wyn op die altaar

*Die priester neem die kelk met wyn en bid hardop en sê.*

**Priester:** Geseënd is U, o Here, God van die heelal;
want uit u goedheid, het ons hierdie wyn ontvang wat ons aan U offer;
vrug van die wynstok en die werk van ons hande.
Dit word ons geestelike drank.

*As daar nie 'n offertorium gesang gesing word nie, dan moet ons hardop antwoord.*

**Gemeente:** Geseënd sy God in ewigheid.

*Die priester was sy hande soos hy God smeek om hom van sonde te reinig. Hy sê dan:*

# Uitnodiging tot Gebed

**STAAN**

## Ons vra God om ons offer te aanvaar

**Priester:** Bid, broers en susters, dat my en u offer
aanvaarbaar mag wees vir God, die almagtige Vader.

**Gemeente:** **Mag die Here die offer uit u hande aanvaar**
**tot lof en eer van sy Naam,**
**tot heil van ons en van sy hele heilige Kerk.**

# Gebed oor die Gawes

## Ons bid God om genade

*Noudat die gawes aan God geoffer is, bid die priester die Gebed oor die Gawes. Soos die Openingsgebed, is daar 'n spesiale gebed vir elke dag van die jaar. Aan die einde van die gebed antwoord ons.*

**Gemeente:** Amen.

# Eucharistiese Gebed

*Die priester bid nou die prefasie, waarna die Eucharistiese Gebed volg. Dit is die Gebed wat die brood en wyn in die Liggaam en Bloed van onse Here verander.*

**Priester:** Mag die Here met u wees.
**Gemeente:** **En met u gees.**

**Priester:** Verhef u harte.
**Gemeente:** **Ons verhef hulle tot die Here.**

**Priester:** Laat ons die Here onse God dank.
**Gemeente:** **Dit is paslik en reg.**

*Met die prefasie roep die priester die Here aan. Ons antwoord op dié aanroeping deur dieselfde gebed wat die Engele voor die Here se troon sing, te bid of te sing.*

# Sanctus

## (Heilig, Heilig, Heilig)


## Saam met die engele en heiliges prys ons God

**Priester en Gemeente:**

**Heilig, heilig, heilige Here,**
**God van krag en mag.**
**Die hemel en aarde is vol van u glorie.**
**Hosanna in die hoogste.**
**Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.**
**Hosanna in die hoogste.**




**Heilig, Heilig, Heilig -** *Die priester en die gemeente sluit aan by die engele deur God die Vader, en Jesus wat Hy gestuur het, te loof.*



**Die brood word die Liggaam van Christus -** *Die priester herroep Jesus se woorde tydens die laaste Avondmaal en deur God se krag word die brood vir ons Jesus se Liggaam.*

**KNIEL**

# Woorde oor die Gawes

## Die brood en wyn word
## Christus se Liggaam en Bloed

*Daar is 'n aantal verskillende Eucharistiese Gebede wat die priester kan gebruik. Die gebede bevat almal die woorde van konsekrasie (dié woorde wat Jesus oor die brood en wyn gebid het). Die priester neem die brood op en sê:*

**Neem en eet almal hiervan:**
**Want dit is my Liggaam wat vir julle oorgelewer sal word.**

*Die priester hou nou die Liggaam van Christus omhoog vir die gemeente om te aanbid.*

*Die priester neem nou die kelk met wyn en sê:*

**Neem en drink almal hieruit:**
**Want dit is die kelk van my Bloed,**
**Die Bloed van die nuwe en ewige verbond,**
**wat vir julle en vir almal uitgestort sal word**
**tot vergifnis van sondes.**

**Doen dit tot my gedagtenis.**

*Die priester hou nou die beker met die Bloed van Christus omhoog vir die gemeente om te aanbid.*




**Die wyn word die Bloed van Christus -** *Die priester herroep Jesus se woorde tydens die laaste Avondmaal en deur God se krag word die wyn vir ons Jesus se Bloed.*

# Akklamasie

## Ons verkondig die Geheimenis van ons Geloof

*So bly is ons oor hierdie spesiale geskenk van God dat ons hardop ons geloof wil bely. Die geheimenis van ons geloof is die groot waarheid omtrent ons geloof. Die priester nooi ons uit om hierdie geheimenis nou te verkondig. Daar is vier verskillende vorme wat ons kan gebruik.*

**Priester:** Die geheimenis van ons geloof.

**A** **Gemeente:** **Ons verkondig u Dood, o Here;**
**ons bely u Opstanding**
**totdat U weer kom.**

**of:**

**B** **Gemeente:** **As ons hierdie Brood eet en uit hierdie Beker drink,**
**verkondig ons u dood, o Heer,**
**totdat U weer kom.**

**of:**

**C** **Gemeente:** **Redder van die wêreld red ons,**
**want deur u Kruis en Opstanding,**
**het u ons vrygemaak.**



# Ons stem saam met alles wat tot dusver gebeur het

*Aan die einde van die Eucharistiese Gebed, eer die priester die Vader deur Jesus en ons antwoord daarop deur Amen te sê of te sing (m.a.w. ons stem heeltemal saam).*

**Priester:** Deur Hom, en met Hom en in Hom,
ontvang U, God, Almagtige Vader,
in die eenheid van die Heilige Gees,
alle eer en heerlikheid, tot in alle ewigheid.

**Gemeente:** **Amen.**

# KOMMUNIE-RITE **STAAN**

## Die Onse Vader-gebed

### Ons praat met God onse Vader deur die woorde wat Jesus ons geleer het

*Nadat die Eucharistiese Gebed klaar gebid is, berei ons onsself voor om Jesus in die Kommunie te ontvang, deur die gebed te bid wat Jesus ons geleer het. Ons prys God, ons vra vir ons daaglikse brood, en ons smeek om vergifnis vir ons sondes.*

**Priester en gemeente:**
**Onse Vader wat in die hemel is, laat u naam geheilig word;**
**laat u koninkryk kom, laat u wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde.**
**Gee ons vandag ons daaglikse brood;**
**en vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe;**
**en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose.**

**Die Onse Vader** - *Ons voorbereiding om Jesus in die Kommunie te ontvang, gaan voort met die bid van die "Onse Vader", dié gebed wat Jesus ons geleer het.*



*Nou bid die priester alleen die volgende smeking.*

**Priester:** Verlos ons Here, ons bid U, van alle boosheid
en deur die krag van u genade vul ons dae met vrede;
sodat ons, gesteun deur u barmhartigheid,
vry kan wees van sonde en beveilig teen alle angs,
terwyl ons wag op salige hoop
en die wederkoms van ons Heiland, Jesus Christus.
**Gemeente:** **Want aan U behoort die koninkryk,
die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.**

# Vredesgroet

## Ons deel die Here se vrede met mekaar

*Voordat ons die Liggaam en Bloed van Jesus gaan ontvang moet ons in vrede met mekaar verkeer. Die priester bid dus eers 'n gebed om vrede en eenheid en eindig met die woorde:*

**Priester:** Here Jesus Christus, U het aan u apostels gesê:
Vrede laat ek vir julle na, my vrede gee ek aan julle.
Reken ons ons sondes nie toe nie
maar kyk na die geloof van u Kerk,
en skenk haar goedgunstiglik eenheid en vrede volgens u Wil.
U wat leef en heers tot in alle ewigheid.
**Gemeente:** **Amen.**

**Priester:** Mag die vrede van die Here altyd met u wees.
**Gemeente:** **En met u gees.**

*Die priester of die diaken kan ons nou uitnooi om mekaar die vrede toe te wens.*

**Priester:** Laat ons mekaar die vrede toewens.

*Indien die priester of die diaken ons uitgenooi het om mekaar die vrede toe te wens,* ***DOEN ONS DIT OP 'N RESPEKVOLLE EN GESKIKTE MANIER, EN ONS VERGEET NIE DAT DIE HERE ONDER ONS AANWESIG IS IN DIE LIGGAAM EN BLOED OP DIE ALTAAR NIE. ONS HARDLOOP NIE ROND EN DRAAI OOK NIE ONS RUG OP DIE HERE NIE.***



# Ons vra God om vrede en barmhartigheid


*Die priester breek die Hostie en plaas 'n deeltjie daarvan in die kelk; hy bid saggies.*

**Priester:** Mag hierdie vermenging van die Liggaam en Bloed
van onse Here Jesus Christus aan ons wat dit ontvang, die ewige lewe gee.

*Dan roep ons Jesus aan om ons voor te berei sodat ons gereed sal wees om sy Liggaam en Bloed te ontvang en ons bid.*

**Gemeente:**
**Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem:**
**Ontferm U oor ons.**
**Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem:**
**Ontferm U oor ons.**
**Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem:**
**Gee ons vrede.**

**KNIEL**



# Heilige Kommunie

## Ons vra God om ons waardig te maak om Heilige Kommunie te ontvang


*Die priester nooi ons uit om Jesus, ons Verlosser, in die Heilige Kommunie te ontmoet. Hy vra God om ons waardig te maak om sy groot geskenk te kan ontvang.*

**Priester:** Aanskou die Lam van God.
Aanskou Hom wat die sondes van die wêreld wegneem.
Salig is hulle wat na die fees van die Lam genooi is.

**Priester en gemeente:** **Here, ek is nie waardig dat U onder my dak inkom nie, maar spreek net 'n woord en my siel sal genees word.**

*Die priester ontvang dan Heilige Kommunie.*

*Dit is baie belangrik dat ons sal onthou wat ons van plan is om te doen wanneer ons Heilige Kommunie gaan ontvang. Ons wil nie vorentoe gaan om Heilige Kommunie te ontvang net omdat almal dit doen of omdat ons gewoond is om dit te doen nie. Ons moet onthou dat dit onse Here se Liggaam en Bloed is wat ons gaan ontvang en dat ons één met Jesus wil wees en net soos Hy wil wees. As ons Heilige Kommunie gaan ontvang moet ons vry wees van doodsonde.*



**Heilige Kommunie -** *Ons ontvang die brood en die wyn wat Onse Here se Liggaam en Bloed geword het. Dit is God se spesiale geskenk aan ons.*

## Ons ontvang Jesus

*Ons gaan vorentoe om Jesus se Liggaam en Bloed te ontvang.* ***DIT IS VERKIESLIK OM HEILIGE KOMMUNIE DIREK OP DIE TONG, EERDER AS OP DIE HAND TE ONTVANG. ONS MAAK 'N DIEP BUIGING OF KNIEL VOOR DIE PRIESTER, WANNEER ONS HEILIGE KOMMUNIE GAAN ONTVANG.***

**Priester:** Die Liggaam van Christus.
**Kommunikant:** **Amen.**

*Ons sê Amen omdat ons regtig één met God wil wees.*

*Indien Heilige Kommunie onder beide gedaantes gegee word sal ons ook die Bloed van Christus ontvang.*

**Priester:** Die Bloed van Christus.
**Kommunikant:** **Amen.**

# Tyd van Stilte en Lofprysing

**KNIEL**

## Ons prys God

*Nadat ons die Heilige Kommunie ontvang het kan ons 'n Kommunie gesang sing.*

***'N MENS HOEF OOK NIE ALTYD TE SING NIE. BAIEKEER IS DIT MEER GEPAS OM NET IN STILTE VIR DIE HERE DANKIE TE SÊ VIR HIERDIE GROOT GAWE WAT ONS ONTVANG HET.***

# Slotgebed

**STAAN**

## Ons vra vir die genadegawe van die Kommunie

*Wanneer almal Heilige Kommunie ontvang het, bid die priester die Slotgebed. Net soos daar ‘n eie Openingsgebed en Gebed oor die Gawes is, is daar vir elke dag ‘n eie Slotgebed.*

*In hierdie gebed bid ons dat ons dit wat ons in die Heilige Kommunie ontvang het, nou sal gaan uitleef.*

**Priester:** Laat ons bid.

*Die priester sluit die Slotgebed as volg af.*

**Priester:** Deur Christus onse Here.
**Gemeente:** **Amen.**

# SLOTRITE

*Die Heilige Mis word afgesluit met die kruisteken, net soos ons die viering met ’n kruisteken begin het. Nou is die kruisteken vir ons ’n seën.*

# Die seën

*Ons ontvang God se seën van die priester.*

**Priester:** Mag die Here met u wees.
**Gemeente:** **En met u gees.**

**Priester:** Ontvang die seën van die Almagtige God:
Die Vader, en die Seun, † en die Heilige Gees
**Gemeente:** **Amen.**

# Die Uitsending

## Ons word uitgestuur
## om Christus aan ander te bring

**Priester of Diaken:** Gaan in die vrede van Christus.

*of:*

**Priester of Diaken:** Die Mis is beëindig, gaan in vrede.

*of:*

**Priester of Diaken:** Gaan in vrede en dien die Here met liefde.

*of:*

**Priester of Diaken:** Laat ons heengaan in die vrede van die Here.
**Gemeente:** **Ons dank U, o God.**

*Die Slotgesang of die Uittree-gesang beëindig die viering van die Heilige Mis. As ons die kerk verlaat besef ons dat ons verander het. Ons het die Here se Liggaam en Bloed ontvang en dit het van ons sy apostels gemaak. Ons gaan nou uit om die liefde van Jesus aan almal oor te dra met wie ons in aanraking kom.*

# Dankseggingsgebed na die ontvangs van Heilige Kommunie

Liewe Here Jesus,
U het gesê dat ons soos 'n lig
in die wêreld moet skyn.

Dié lig bring warmte
en blydskap en vrede aan almal.

Noudat ek U ontvang het,
gee U my die krag om 'n lig te wees:
Help my om in donker plekke te skyn,
help my om altyd op U te vertrou
en nooit te vergeet hoe lief U my het nie.

Help my om te straal van u goedheid en liefde
sodat waar U gaan, ek ook sal gaan,
en waar ek ook al gaan,
ek sal weet dat U by my is. Amen.